# Dordt-Nuus

**Gemeenteblad van Dordt Gereformeerde Kerke Orania en Alma (Los van GKSA) Maart 2025**

**ORANIA**

**Eredienstye: Sondae: Oggend: 10:00. Aand: somer 18:00, winter 17:30. Katkisasie: Sondae: 8:45**

**Posadres: Posbus 13, Orania 8752; Kerkplek: CVO Skool Ouditorium Orania**

**Skriba & Attes. Skriba: Oudl. Gerd Erasmus 082 782 2985 & 076 052 4226 e-pos: glerasmus@ncwnetonline.co.za of glerasmus@oranet.co.za Kassier: diaken Antonie Havinga 084 512 0146 & e-pos: antonie@itec.co.za**

**ALMA**

**Eredienstye: Sondae; oggend: 10:00 Katkisasie: Sondae: 12:00**

**Posadres: Posbus 62, Thabazimbi 0380 Kerkplek: Plaas Boekenhoutspoort Alma**

**Skriba & Attes. Skriba: oudl. Boeta Erasmus 079 099 6887 e-pos: erasmusboeta@gmail.com**

**Kassier: diaken Frans Voster 082 342 8637 & e-pos: dordtgereformeerdekerkalma@gmail**

***Skrifoordenking***

## Versoeking en beproewing

Prof. L. Floor (uit *Die Betroubare Woord – Kom na My*, 1981:39-42)

Lees: Matt.4:1-11; Mark.1:12,13; Luk.4:1-13.

Beproewing kom van God. Hy wil ons weerstand teen die sonde versterk (Jak.1:12). Versoeking kom van die duiwel. Hy wil ons daardeur verlok en verlei tot sonde (Job.1:10-11).

Die Here gebruik 'n versoeking van die duiwel as 'n beproewing van ons geloof (Jak.1:2).

God waak oor Sy kinders, sodat hulle nie bo hulle kragte versoek word nie (1 Kor.10:13).

Versoeking van die duiwel beoog om ons van God af weg te trek en in die sonde in te sleep. Maar beproewings van God is net daar om ons meer aan God te bind.

**Die versoeking van Jesus**

Die Heilige Gees waarmee Jesus gedoop is, lei Hom weg na die woestyn om daar deur die duiwel versoek te word (4:1). Die Gees neem die leiding . Wat gaan gebeur is dus 'n beproewing van God. Die duiwel kry geleentheid om Jesus te versoek.

Soos Adam in die paradys getoets is (Gen.2:16,17) en soos die volk Israel in die woestyn getoets moes word om te weet wat in die hulle hart is (Deut.8:2), so moet die Messias as die laaste Adam en die verteenwoordiger van die nuwe Godsvolk ook getoets word.

Die versoeking in die woestyn is ook die groot konfrontasie tussen die nuwe Koning van die ryk van God en die vors van die ryk van die duisternis.

Die uitgangspunt in die versoeking is die Seunskap van Christus. Jesus was veertig dae lank in die woestyn (soos die volk Israel veertig jare in die woestyn). Hy het gevas (4:2). In die Bybel word vas in noue samehang met die gebed genoem (Luk.2:37).

* As mens het Jesus naderhand honger geword. Dan kom die duiwel en sê: "As U die Seun van God is..." (4:3). Volgens die oorspronklike teks beteken '*as*' hier '*aangesien*'. *Aangesien U die Seun van God is*, hoef u tog nie honger te ly nie. Die duiwel wil Jesus verlei om van Sy Goddelike almag gebruik te maak: om uit die ronde klippe wat soos brode lyk, vir Hom brood te maak.

Hierdie versoeking pas presies by die Joodse Messias-verwagting. Hulle wil 'n magtige koning hê wat wonder doen.

Jesus weerstaan die duiwel met 'n woord uit die Ou Testament ("Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie maar van elke woord wat uit die mond van God uitgaan" (4:4; Deut.8:3). Hy wil slegs die pad van die geloof gaan. Hy wil net afhanklik van Sy Vader lewe, soos ons uit God se hand moet lewe.

* Die tweede versoeking is gerig op God se almag. Jesus moet op 'n skouspelagtige wyse dan maar laat sien dat Hy op God alleen vertrou deur van die dak van die tempel te spring (4:6).

Die duiwel het goed na Jesus se eerste antwoord geluister. Jesus het geantwoord uit die Bybel en nou kom hy ook met die Skrif (Ps.91:11,12).

Jesus se antwoord is veelbetekenend. Dis ook vir ons baie balangrik. Jesus antwoord die duiwel se misbruik met 'n ander Skrifwoord (Deut.6:16: "Jy mag die HERE jou God nie versoek nie"). Elke ketter het sy letter, ook die duiwel, het sy letter. Ons moet oppas om nie aan één teks alles op te hang hie. Ons moet gelowig leer om Skrif met Skrif te vergelyk. Jy mag nie oppertunisties net wanneet dit jou pas God se Woord ten eie bate misbruik nie.

* Die derde versoeking is die klimaks. Die duiwel wys Jesus 'n kortpad na die troon. Die ompad via lyding, kruis, dood en graf is nie nodig nie wanneer Christus tog net wil erken dat die duiwel in beheer is van die koninkryke van die aarde en dat die duiwel in staat is om mag uit te deel (4:9). Ook hierdie versoeking word deur Christus beantwoord met 'n Skrifwoord (Deut.6:13: "Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien"). Jesus wil nie van die duiwel alle gesag ontvang nie, maar slegs van Sy Vader (Matt 28:18: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.")

Die lyn in die versoekinge loop van materialisme na oppertunisme en dan na imperialisme.

Maar Jesus wys ons dat die Bybel as die Woord van God dié groot aanvalswapen in die stryd teen Satan is (Ef.6:17: "En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees – dit is die woord van God").

* * * * * * * *

**Van die kerkraad se tafel**

Sr Jana Tomlinson studeer op Ondertepoort. Sy vetrek met attestaat na die Gereformeerde Kerk Wonderboompoort. Mag sy ook daar deel in die prediking en geloofsgemeenskap.

* * * * * * * *

**Meelewing**

**ORANIA**

**Verjaardae:** Die volgende br's en sr's wat in Maart verjaar word die rykste seën van die Here toegebid: Pieter Marx Jnr. en Alet Marx 18de; Christie Marx 26ste Cara Tomlinson 27ste enBr Dani Frans Marx jnr. 29Ste ..

**Huweliksherdenking:** Gerhard en Carien Strauss 4de . Die Here se rykste seën toegebid op die nuwe jaar van getroude lewe.

**ALMA**

**Verjaarsdae:** Seën toegebid vir die nuwe lewensjaar aan: Thea de Villiers 26ste en Lisa Vorster 31ste.

* * * * * * * *

**Lief en leed**

**Siekte:** Sr. Jodina Steenkamp het geval en van haar rugwerwels gebreek en verduur baie pyn. Die spesialis sê dat sy so gou moontlik geopereer sal moet word. Sy het weer op 3 Maart 'n afspraak. Ons weet dat die Here niks oor ons bring wat Hy nie dink is nodig nie maar ons weet dat dit later 'n vrug van geregtigheid voortbring. Jodina ons bid vir jou.

Br Daniel du Toit het 'n tweede lensvervanging ondergaan. Mag die Here dit suksesvol laat wees en jy nou duideliker laat sien.

* * * * * * * *

# Psalm-omdigting: vrugte van die 1983/92 Nuwe Afrikaanse Vertaling

## Die Godsname en veral die Naam HERE in die Nuwe Omdigting

Dr. A. H. Bogaards

### 1. Die Nuwe Omdigting se hantering van die Godsname)

As 'n mens die Nuwe Omdigting (NO) lees, val dit dadelik op dat die NO ***geen onderskeid*** maak tussen die Name HERE (Jahwe) en Here (Adonai) nie. Die omdigting gebruik net Here of Heer vir sowel Jahwe (HERE) as Adonai (Here).

In verskillende omdigtings word die Godsname selfs ***omgeruil***. Hier volg twee sprekende voorbeelde:

- **Psalm 65**: Die grondteks het in die hele Psalm net God (Elohim). Die NO dig deurgaans om met Here/Heer.
- **Psalm 112**: Die grondteks gebruik deurgaans slegs die Naam HERE (Jahwe). Die NO dig HERE telkens om met God.

Ek noem nog net twee ander voorbeelde:

- **Psalm 56**: Die grondteks het 9 maal God (Elohim) en 1 maal HERE (Jahwe). Die NO het 3 maal Here en 1 maal (as omdigting van vers 11) God die Here.
- **Psalm 69:7**: Here, HERE van die leërskare (Adonai Jahwe Sebaot) word omgedig met God.

Dit moet gestel word dat dit ***'n tendens*** in die NO is om die Godsname om te ruil. Hier het ons werklik nie te make met iets wat net so hier en daar en so af en toe (ter wille van rym) voorkom nie.

### *2. Die na-analogie-van-die-Nuwe-Testament-argument*

Dit is duidelik dat die NO in sy omdigting van die Name HERE (JAHWE) en Here (Adonai) met Here beïnvloed is deur die 1983-vertaling van die Bybel.

As regverdiging vir en begronding van hierdie omdigting en vertaling voer voorstanders van die 1983-vertaling en die NO as argument aan: Wanneer die Nuwe Testament tekste uit die Ou Testament aanhaal, word sowel HERE (Jahwe) as Here (Adonai) sonder onderskeid "vertaal" met Here (Kurios). Daarom voel hierdie mense: ***Na analogie (na aanleiding) van*** dit wat die Heilige Gees self in die Nuwe Testament doen, mag HERE en Here albei met Here vertaal en omgedig word.

**1. Hierdie na-analogie-van-die-Nuwe-Testament-argument is egter onhoudbaar en wel om die volgende redes:**

***a) Die standpunt dat die Naam HERE (Jahwe) deur NT skrywers "vertaal" is as Here (Kurios), is aanvegbaar.***

Dit is nie waar dat die Naam HERE altyd in die NT "vertaal" is as Here (Kurios) nie. Aan die kruis haal Jesus Ps.31:6 ("In u hand gee ek my gees oor; U het my verlos, HERE/Jahwe, God van trou") aan, maar dan roep Hy nie "HERE" (Jahwe) nie (soos dit in Ps.31 staan), maar in plaas van HERE (of Here/Kurios), sê Hy: VADER – "Vader, in u hande gee Ek my gees oor!" (Luk.23:46).

Nog 'n voorbeeld is Ps.110:1a: "Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand". Die Nuwe Omdigting dig dit so om: "Dit het die Heer belowe vir my koning...". Die vraag is egter: Kan dit werklik gesê word dat hierdie omdigting na analogie van die Nuwe Testament gedoen is? Na analogie van watter tekste in die NT? Waarom kies die omdigters na analogie van die NT wel Heer maar nie God nie? Want dit is waar dat Mat.22:44, Mark.12:36 en Hand.2:34 die Naam Here (Kurios) gebruik. MAAR met duidelike verwysing na Ps.110:1 word in die volgende tekste nie gepraat van die regterhand van die Here (Kurios) nie, maar van die regterhand van God (die Vader) (Mark.16:19; Hebr.10:12), die regterhand van die Vader (Ef.1:20), die regterhand van die majesteit (Hebr.1:3). Op grond waarvan kies die NO nou in Ps.110 Here en nie God, Vader of majesteit nie?

***b) As die na-analogie-van-die-NT-argument tot sy logiese konsekwensies gevoer word, sal nog duideliker blyk hoe onhoudbaar hierdie argument is.***

Dit is naamlik so dat die NT nie net wat die Godsname betref afwyk van die Hebreeuse teks van die OT nie. Ook in ander gevalle volg die NT nie die Hebreeuse teks van die OT nie, maar wel o.a. die Griekse vertaling van die OT (die Septuagint). Dit gebeur byvoorbeeld wanneer tekste uit die Ou Testament aanhaal. Een enkele voorbeeld kan ter illustrasie genoem word: Johannes 12:38b ("Here, wie het ons prediking geglo") haal Jes.53:1a ("Wie het geglo wat aan ons verkondig is?") aan. Daar is 'n duidelike verskil tussen dit wat in die Hebreeus staan en die teks soos dit deur Johannes aangehaal word. Johannes haal egter nie uit die Hebreeus aan nie, maar uit die Septuagint.

Die vraag is nou: Wanneer gaan die voorstaanders van die na-analogie-van-die-NT-argument dan ook daardie tekste in die OT vervang met die weergawe van die teks in die NT? As hulle konsekwent wil wees, moet hulle Jes.53:1a vervang met Johannes 12:38.

***c) 'n Verdere vraag is: As die vertalers en omdigters dan so slim is en besluit om die Naam HERE na analogie van die NT weg te vertaal en weg te dig, waarom het die Heilige Gees dit in sy alwysheid en alwetendheid nie self gedoen nie?***

Die feit van die saak is egter: Die Heilige Gees self het die onderskeid tussen die Naam HERE en Here in die OT laat staan. Daarvoor moet ons eerbied hê.

Ons mag ook nie sy woorde in die NT (sy sogenaamde "vertaling" van die Naam HERE met Here) afspeel teen Sy woorde in die OT nie. Dit is Hy – en nie 'n mens nie – wat die Naam HERE in die OT laat staan het – swart op wit. Ons sal moet besef dat die Heilige Gees net soveel in Psalms en in die hele OT as in die NT aan die woord is.

## 3 Die Naam HERE is vir die Heilige Gees self belangrik

Uit verskillende Skrifgedeeltes kan gesien word hoe belangrik die Naam HERE vir die Heilige Gees Self is.

Toe Moses kleinvee opgepas het vir sy skoonvader, Jetro, het die ***Engel van die HERE*** in 'n brandende doringbos aan hom verskyn en aan hom die opdrag gegee: Gaan na die Israeliete in Egipte en lei hulle uit die slawehuis uit (Ex.3:1-10).

In antwoord op God (die Engel van die HERE) se opdrag het Moses (Ex.3:13) aan Hom gevra: "Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Hoe is sy naam?—wat moet ek hulle antwoord?" Daarop het God Moses geantwoord: "***EK IS WAT EK IS***. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: ***EK IS*** het my na julle gestuur. Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Die HERE die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag" (Ex.3:13-15).

Dit is dus die betekenis van die Naam HERE: EK IS. Om hierdie woorde goed te verklaar, moet ons dit lees binne die verband waarin dit staan. Aan die einde van Ex.2 (vv.23-24) lees ons: "En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God. En God het hulle gekerm gehoor, ***en God het gedink aan sy verbond*** met Abraham, met Isak en met Jakob. En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken". Die Naam EK IS beteken: EK IS aktief by my volk teenwoordig om hulle te verlos, en my eeue oue belofte aan Abraham (Gen.15:13-14: "Weet vir seker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in die land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vierhonderd jaar lank. Maar Ek sal ook die nasie oordeel aan wie hulle diensbaar moet wees, en daarna sal hulle uittrek met baie goed") dat Ek hulle in die beloofde land Kanaän sal bring, gestand te doen. Die Naam HERE sê dus wie en wat die HERE vir sy volk is. Dit spreek van sy verbondstrou. Die naam verkondig dat God 'n waarmaker is van sy verbondsbeloftes aan sy verbondsvolk.

Daarby het die HERE ook gesê: "Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag" (Ex.3:15). "Gedenknaam" (memorial, herinnering) leer ons iets oor die Naam. God gee sy HERE-Naam as 'n herinnering aan ('n gedenking van, 'n gedagtenis aan) sy verbondstrou.

Ex.3:15 en die uitdrukking ***gedenknaam*** weerklink telkens ***in die Psalms***: Ps.30:5 ("Psalmsing tot eer van die HERE, o sy gunsgenote, en loof sy heilige gedenknaam"); Ps.97:12 ("o Regverdiges, wees bly in die HERE, en loof

sy heilige gedenknaam!"); Ps.102:13 ("Maar U, o HERE, U bly tot in ewigheid, en u gedenknaam van geslag tot geslag"); Ps.135:13 ("o HERE, u Naam is tot in ewigheid, u gedenknaam, HERE, van geslag tot geslag!"). ***Ook die profete*** praat van die gedenknaam. Jes.26:8 lui: "Ook in die weg van u oordele het ons U verwag, o HERE! Tot u Naam en tot u gedenknaam gaan die begeerte van ons siel uit".

Ex. 3:13-15 leer ons hoe belangrik die Naam HERE is. ***So belangrik is hierdie Naam vir die HERE en so belangrik is dit vir Hom dat ons sal weet wat dit beteken, dat Hy self dit uitspel en verklaar***: EK IS

So belangrik is hierdie Naam nie net vir die Ou Testamentiese kerk nie, maar vir die kerk van alle eeue, dat die Heilige Gees dit ook vir ons vandag in Ex.3 laat opteken het. Watter reg het ons dan om die heerlike, betekenisvolle Naam weg te laat?

So ontsaglik belangrik en so veelseggend is die Naam HERE dat God self sy Kind, wanneer Hy na die aarde toe kom, nie sommer enige Naam gee nie, maar uitdruklik sê dat Hy Jesus – die HERE, Jahwe verlos – genoem moet word (Mat.1). Die Heilige Gees wil hê dat ons die verband, die openbaringshistoriese band tussen die Naam HERE en die Naam Jesus, moet sien. Telkens wanneer ons as Nuwe Testamentiese gelowiges hierdie Naam Jesus lees, hoor ons daarin die Naam HERE en word ons in die Naam Jesus herinner aan die Naam HERE en aan dit waarvan die Naam HERE praat, naamlik van sy verbond en sy verbondstrou. In Jesus (die HERE verlos) ontmoet ek daarom op elke bladsy van die NT die Naam HERE en in die geboorte, lewe, lyding en sterwe van Jesus sien ek die Naam HERE uitgespel: Die HERE is inderdaad EK IS, EK IS getrou, want Hy maak in die NT, in Jesus (die –HERE-verlos) al sy beloftes waar. As ek die hele Bybel in een Naam moet saamvat en opsom, dan doen ek dit in hierdie een Naam: HERE. Wie sal dan durf sê dat die Naam onbelangrik is?

Hier moet ek wys op 'n besondere en veelseggende ooreenkoms tussen Ex.3 en Mat.1. In ***Ex.3***, op die drumpel van die verlossing uit die slawehuis van Egipte, verklaar die Engel van die HERE sy Naam: HERE, dit is EK IS. Na 400 jaar swye, verbreek die HERE sy stilswye deur sy Naam te openbaar én boonop te verklaar: HERE, Ek IS WAT EK IS. In ***Mat.1,*** Op die drumpel van die verlossing uit die slawehuis van die sonde, verklaar die Here by monde van Sy hemelse gesant die Naam Jesus: Dit is Hy wat Sy volk van hulle sondes sal verlos. Na 400 jaar swye verbreek die HERE sy stilswye deur sy Naam te openbaar én boonop te verklaar: Jesus – die HERE, Jahwe, EK IS, verlos. Verder moet u raaksien: In sowel Ex. 3 as in Mat.1 is dit die HERE self wat die Naam gee en verklaar. Dit sê iets oor die groot gewig van God se Naam.

Ten slotte moet nog op die woorde "***Hom wat is en wat was en wat kom***" in Openbaring (1:4, 1:8; 4:8; 11:17; vgl. ook 16:5) gewys word. Dit is duidelik dat daarmee ***op die EK IS WAT EK IS (Ex.3:14) gesinspeel*** word. Die Griekse woorde "wat is" hier in Openbaring is presies dieselfde as wat die Septuagint (die Griekse vertaling van die Ou Testament) gebruik om die WAT EK IS van Ex.3:14 mee te vertaal. 'n Joodse geskrif (Targum Jonathan) se parafrasering van Ex.3:14 laat eweneens sien dat Op.1:4 (e.a. plekke) teruggryp op Ex.3:14, want die Joodse geskrif parafraseer die EK IS WAT EK IS met die volgende sin: "Ek is wat ek was en sal wees". Hierdie frase in Openbaring, "Hom wat is en wat was en wat kom", leer sonder enige twyfel dat die Naam HERE in die Ou Testament nie 'n vergete Naam in die Nuwe Testament is nie. Ook in Openbaring gaan die Here wys dat Hy die HERE is, EK IS WAT EK IS. Openbaring spel die Jahwe-Naam nog verder uit.

### *4. Die Godsname en die gereformeerde dogmatiek*

In die gereformeerde dogmatiek (leer van die kerk) is deur die eeue heen gesê: God openbaar Hom in sy Name. In elkeen van sy Name maak Hy iets van Homself bekend.

Die dogmatikus J van Genderen (Beknopte Gereformeerde Dogmatiek) skryf: God het Homself Name gegee om Hom te openbaar. Hy is wat sy Naam van Hom sê en Hy is dit heeltemal. Sy Naam staan dus vir Homself. Hy maak sy Naam aan ons bekend om so deur ons aangeroep te word en nie op 'n deur mense uitgedinkte wyse nie.

Met die wegdig en wegvertaal van die Naam HERE word nie die nodige erns gemaak met hierdie waarheid nie.

Ons kan hierdie Naam HERE alleen weglaat as ons seker is dat dit niks sê en niks beteken nie. En wie sal dit, dwars teen die getuienis van die Heilige Gees self in, durf sê?

### 5. Die Naam HERE en die sinodebesluit van 1991

Sinodebesluite is vanselfsprekend van belang. Dié besluite is immers gebaseer op die Heilige Skrif en "moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde" (KO Art.31).

Op die Nasionale Sinode van 1991 (p.114) is 'n aanbeveling goedgekeur dat die Sinode ten sterkste tot die Bybelgenootskap vertoë rig dat in Bybelvertalings 'n onderskeidende gebruik van die Godsname Jahwe (HERE) en Adonai (Here) moet geld. Dit was na aanleiding van die feit dat die 1983-vertaling beide Name sonder onderskeid met Here vertaal. Die 1953-vertaling daarenteen vertaal Jahwe met HERE en Adonai met Here. Die sinode dring dus daarop aan dat die onderskeid in Godsname in 'n Bybelvertaling moet uitkom - en tereg.

(volgende keer verder)

* * * * * * * *

# Kerk van Christus – Waarheen?

## Reformasie teenoor Transformasie (vervolg)

Dr PE van der Dussen

## HOOFSTUK 1

## EENHEID VAN SKRIF, BELYDENIS EN KERKORDE (vervolg)

**Ware Kerkeenheid is eenheid van leer, diens en tug**

Die onderlinge erkenning deur Kerkrade van mekaar as ware Kerke en van besluite wat hulle saam neem, berus op onderlinge vertroue wat in Kerklike eenheid tussen die Kerkrade tot uiting kom. Deur die sondige aard van die mens en sy sug na selfverheffing, is die kerk verskeur. Daar is 'n voortdurende strewe om hierdie verskeurdheid te oorbrug, onder meer op grond van die Hoëpriesterlike gebed van die Here Jesus vir sy dissipels en vir Sy kerk, en bepaaldelik die woorde(14): *Dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My is en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.* Totius(15) wys egter daarop dat die Here Jesus vooraf om *waarheid* bid(16) *Heilig hulle in U waarheid; U Woord is die waarheid.* Totius merk op: *Teenswoordig word gebid om en gestreef na eenheid, maar word daar net soveel gebid, gespreek, gehandel dat die waarheid mag seëvier? Dit staan vas dat die soek na eenheid met verswakking of verswyging van die waarheid nie ooreenkomstig die gebed van die Here kan wees nie. Ons weet dan ook dat Calvyn by sy eenheidstrewinge die 'waarheid van God' gestel het bo die 'eenheid van die kerk'.* **Ware Kerkeenheid is slegs moontlik in die Waarheid van die Woord.**

(14) Joh 17:21.

(15) *Versamelde Werke van J D du Toit (Totius),* (hierna Totius), Deel VII, Dagbreek-boekhandel, 1961, bls 507.

(16) Joh 17:17.

Kerkrade wat met mekaar Kerkverband, Kerklike eenheid beoefen, moet daarom oor die Waarheid van die Woord ooreenstem, dieselfde Skrif, dieselfde Belydenis en dieselfde Kerkorde onderskryf en daaraan vashou. Elke lidmaat van 'n plaaslike Kerk is aan dieselfde grondslag gebind. Buite die Waarheid is daar geen gemeenskaplikheid nie en die ware Kerk moet hom van kerke losmaak wat nie die Waarheid van die Woord handhaaf nie. Dit het met die Reformasie gebeur. In Nederland het dit in 1834 (Afskeiding), 1886 (Doleansie) en 1944 (Vrymaking) gebeur. **Dit het in 1859 in Suid-Afrika gebeur toe die Gereformeerde Kerke hulle van die Sinodale dwang van die Hervormde Kerk vrygemaak het.**

Die Waarheid is in die Skrif, die Gereformeerde Belydenis en die Gereformeerde Kerkorde vervat. Coetzee[17] vat die verband tussen hierdie drie kernagtig saam: *Die drie woorde* Skrif, Belydenis *en* Kerkorde *dui die wese van die kerk aan. Die kerk is deur Christus geplant. Die Skrif is die saad waaruit die kerk ontstaan. Die Belydenis is die vrug wat die Skrifsaad in die gelowiges laat groei. Die Kerkorde skoffel die onkruid uit.* *(17) J P Coetzee: Skrif, Belydenis en kerkorde, in H van der Wateren (red): Afrikanertoekoms – Perspektief op ons Volksbestaan, Spera Uitgewers, 1996, bls 121-123.*

***Die Heilige Skrif is die Woord van God.*** *God wil Homself bekend maak. Hy wil ook die dade wat Hy gedoen het bekend maak. Dit het Hy gedoen deur sy Woord na die mense te stuur.God het dit beskik dat sy Woord in die vorm van Bybelboeke by die mense bly. Daarvoor het God baie knegte gebruik. 'n Kinderlike Skrifgeloof was nog altyd die kenmerk van die Afrikaner se lewensbeskouing. Dit is te begryp dat die Afrikanervolk se vyande hierdie Skrifgeloof nie wil duld nie. Hulle het dieselfde metode teen die Skrifgeloof gebruik as wat ook in die tyd van die Here Jesus op aarde teen die Skrifgeloof gebruik was, naamlik die metode van die Skrifgeleerdheid. Deur hierdie metode is die eenheid, die waarheid, en die geïnspireerdheid en die toepaslikheid van die Heilige Skrif bevraagteken. Dit is gedoen in die naam van akademiese vryheid en akademiese eerlikheid. Hierdie vraagteken is ook oor die kerk geteken. Die vraagteken is verder geneem en dit is ook oor die geskiedenis, roeping en bestaan van die Afrikanervolk geplaas. Ons moet dus die vraagteken wat oor die Skrif geplaas is, verwerp. Dan het ons weer die saad waaruit die ware kerk groei.*

***Skrifgeloof lei tot belydenis.*** *Skrifgelowiges kan nie as kerk leef en dan nie sê wat hulle geloofsinhoud is nie. Dit is ook die geval met die kerk wat onder die Afrikanervolk ontstaan het. God het dit beskik dat hierdie kerk 'n belydenis geërf het wat baie verder gaan as ons Afrikanerskap, maar wat tog ook vir die kerk onder die Afrikaner geld, en deel van sy geestesbesit is. Dit is die drie Belydenisskrifte wat op die Sinode van Dordrecht, 1618/19 aanvaar en vasgestel is as vrug van die Skrifgeloof. Dit is baie belangrik om te onthou dat al drie hierdie belydenisskrifte ontstaan het nog voordat die Humanisme van die filosowe wat die Franse Rewolusie ten grondslag gelê het, sy volle werking kon toon en daarom vry is van die verderflike menseverering.*

**Wat die Kerkorde betref:** *Ons lees in die Bybel dat, in die tyd van die Rigters (Rigt 21:25), elkeen in Israel gedoen het wat reg was in sy eie oë. En hoe deurmekaar was dit nie! Daar was nie 'n geestelike onkruid nie, of dit het onder Israel goed gegroei. Die saad van die Woord van God was verdring. In die geskiedenis van die kerk het dit telkens*

*geblyk dat onordelikheid die kerk tot valsheid bring. As elke gemeente doen net wat hy wil, kan die saad van God se Woord nie die regte belydenisvrug voortbring nie. Genadiglik het God dit beskik dat sy kerk 'n Skrifgebonde band tussen al die plaaslike kerke bind. Dit is die Kerkorde. Deur hierdie Orde word vasgestel hoe die Skrif kerke vasmaak aan die ampte of dienste van diaken, ouderling en predikant. In die Kerkorde word vasgestel hoe die kerke vergadering hou, hoe die kerke eredienste en sakramente reël, en hoe die kerke die sondaar deur tug tot gehoorsaamheid aan die saad van die Woord van God moet bring. Die kerkorde is nie maar "mensewerk" nie. Dit is die goue draad van die Godgegewe beginsel van kerkregering wat deur die Skrif tot ons kom. As die Afrikaners, veral in die kerke, elkeen begin doen wat reg is in sy eie oë, en die orde in die kerke minag, sal die kerk kwyn en die gelowige volksoortuiging sterf.*

Coetzee se uiteensetting geskied uit die oogpunt van die vyandskap van die wêreld teenoor en sy aanslag op die Afrikaner. Hierdie aanslag word met die listigheid van Satan deur middel van die Afrikaner se Godsdiensaard gevoer met die doel om sy histories-bepaalde Christelike herkoms en inslag aan te tas en te vernietig. Satan se aanslag op die Afrikaner is tiperend maar nie uniek en nie tot die Afrikaner beperk nie. Dit is die werkswyse van die Satan orals waar die Kerk van Christus staan. Die wêreld in die Bybelse sin is al wat vir die Satan oorgebly het nadat hy uit die hemel gewerp is. Vanuit die wêreld voer hy sy stryd teen die Godsryk deur middel van aardsgerigte en humanistiese mensgerigte sosio-politieke optrede. So sit hy sy afbraak van die menslike gees voort wat hy met Adam en Eva begin het. Daarom moet volke wat die kenmerk van Christelik en veral Skriftuurlik-Christelik dra, aangeval word totdat hulle hulle Christelike aard verloor en daar uiteindelik geen aardse mag sal oorbly wat die eenheid van die Godlose wêreld versteur nie[(18)].

(18) S Greijdanus: *De Openbaring des Heren aan Johannes, Opnieuw uit de Grondtekst vertaald en verklaard,* J H Kok NV, Kampen, 1965, Vierde Druk, bls 287-303, veral 300-301.

Satan se listigheid kom in die tweesydigheid van die aanslag tot uiting. Eers word die gelowige Afrikaner **deur middel van** sy kinderlike geloofsbesef aangeval. Terselfdertyd word hy aangeval **juis omdat** hy die vestiger, draer en beskermer van die suiwer Belydenis, die *pura doctrina*, in Suid-Afrika is. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vervul vanaf 1859 hierdie taak. Spoelstra[(19)] meen *die GKSA het stilswyend gebreek met Skrif- en histories gegronde belydenis.* Die Here het nogtans 'n aantal Gereformeerde Kerke in die Waarheid van Sy Woord bewaar.

(19) *Die Kerkpad*, Mei 2006, bls 7-9.

As die draer van die suiwer Belydenis word die Afrikaner deur Totius[(20)] die nagverdrywer van Afrika genoem. Met sluheid gebruik Satan juis die aard van die Afrikaner se Godsdiens om hierdie opmars teen die magte van die duisternis te vernietig. Die aanslag op die Afrikaner die afgelope 200 jaar en langer is in werklikheid teen die verbreiding van die Woord van God en daardeur teen God self gerig. Dit geld ook vir elke ander volk en elke plek waar die Kerk van Christus sigbaar is[(21)].

(20) *Totius,* Deel VIII, 1962, bls 521-522, in geheel toepaslik.

*(21)* *Nederlands Dagblad,* 9 Augustus 2006 vermeld die sluiting van kerke deur Indonesiese owerhede. www.nd.nl.

Die enigste weerstand wat die Kerk teen hierdie aanslag het, is die handhawing van die ware Skrifgebonde leer, diens en tug. Dit vereis kennis **én nákoming** van die kennis in gehoorsaamheid aan die HERE[(22)] Slegs met kennis kan Satan se aanslag teengegaan word deur die verwerping van alle valse leer wat in listige skynvroomheid aan die mens gebring word[(23)].(22) Hos 4:6.23) Gen 3:1vv; Gal 1:8.

## Die Heilige Skrif is die Woord van God

Die gelowige ken God deur twee middele[(24)]. Die eerste is *die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, aangesien dit voor ons oë is soos 'n mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is* wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien, naamlik Sy ewige krag en Goddelikheid, *soos die apostel Paulus sê in Rom 1:20; dinge wat almal genoegsaam is om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontneem. Ten tweede maak Hy Homself aan ons nog duideliker en meer volkome bekend deur Sy heilige en Goddelike Woord, soveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot Sy eer en die saligheid van wie aan Hom behoort. Ons bely[(25)] dat* hierdie Woord van God nie gestuur of voortgebring is deur die wil van 'n mens nie, maar die heilige mense van God, deur die Heilige Gees gedrywe, het dit gespreek, *soos die heilige Petrus sê. Daarna het God deur Sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy knegte, die profete en apostels beveel om Sy geopenbaarde Woord op skrif te stel; en Hy het self met Sy vinger die twee tafels van die Wet geskrywe. Om dié rede noem ons sulke geskrifte: Heilige en Goddelike Geskrifte.*

(24) Art 2 NGB.

(25) Art 3 NGB.

**Saamgelees met Art 1 NGB is die Heilige Skrif, die Bybel, onaantasbaar synde die Woord van God. Daarvan getuig die Woord self. Niks daarvan mag weggeneem word en niks mag daarby gevoeg word nie[(26)]. Alles anders gaan verby, *maar die woord van onse God hou stand in ewigheid* [(27)]. Op daardie vaste fondament kan die Kerk sy Belydenis bou en sy Kerkorde vasstel, in die verlede, in die hede, en in die toekoms.**

(26) Opb 22:18-19. (27) Jes 40:8; kyk ook Psalm 46.

(volgende keer verder)

* * * * * * *

# Geref.Kerke in Suid-Afrika van 1890 en verder

## Ds Jacob Daniël du Toit (Totius) (vervolg)

### Waarheen nou om teologie te studeer?

Na Stellenbosch kan Totius nie gaan nie! Die uitweg is gevind. Daar is geen ander plek in Suid-Afrika waar hy in die gereformeerde teologie opgelei kan word nie, as in Burgersdorp. Dus neem Japie se vader, ds SJ du Toit, die pen op.

Totius skryf later: “My vader sou raad verskaf. Hy sou skrywe (op 31 Julie 1895) aan sy troue vriend in Burgersdorp, prof. J. Lion Cachet; trou ook ondanks die politieke verskille tussen hom en my vader, trou ondanks die hewige skommelinge wat ‘Die Patriot’ in dié dae gekenmerk het, trou deurdat hy aan die blad nog verlaas 'n eresaluut gebring het toe die uitgawe daarvan gestaak moes word. Die antwoord was van dié aard dat ek ses maande later na Burgersdorp vertrek het.” (d’Ass. 1993:48).

In die antwoord van prof. Lion Cachet, van die Gereformeerde Teologiese Skool in Burgersdorp, het hy 'n sensitiewe saak baie eerlik openlik aangeroer: Japie se lidmaatskap van die kerk. Hy is nie lidmaat van die Gereformeerde kerk nie en sal nie as student aan die Teologiese Skool kan inskryf nie as hy nie lidmaat van een van die Gereformeerde gemeentes is nie, maar “ de Curatoren hebben echter het recht gekregen om naar bevind van zaken te handelen...Ik zou uw Zoon gaarne [graag] aan onze skool zie, en wel om verskillende redenen, ook omdat ik hem met genoegen heb leeren kennen, toen ik bij u was, doch vrijuit gesproken durf ik het niet aanraden tenzy hij zich voorstelt bij ons leeraar te worden; en dan doe ik het van ganscher harte.” Vir toelating om teologie met die oog op predikanskap in die Gereformeerde Kerk, word ook nog 'n verdere vereiste gestel: 'n “Literariese” eksamen moet eers afgelê word (d’Asson, 1993:48).

Op grond van prof. Cachet se antwoord doen Japie sy keuse. Hy gaan predikant word in die Gereformeerde Kerk verband!

Hierdie Gereformeerdes word dikwels gesmaad en met die skeldnaam “Doppers” getipeer. Vooroordeel van mense is soms grensloos. Byvoorbeeld, dr. Andrew Murray se vrou skryf uit Bloemfontein van hierdie Doppers “a peculiar race of Dutch people...They are very primitive in their habits and will not permit any worldly conformity either in dress or maners...The only people I don’t like are the Doppers. They are such a dirty obsinate race... many of them very religious and ignorant to a digree”. Teenoor hierdie venyn was haar swaer prof. John Murray, van Stellenbosch se kweekskool, wat self predikant in Burgersdorp was, meer gebalanseerd. Hy sê voor 'n akademiese gehoor oor die Doppers van die Noord-Karoo: If anthropologists and philologists claim our interest on behalf of the Bushmean race which is nearly extinct, much more are we to study the peculiarities of those who are *in a great measure to be, if not the brain, at all events the backbone of the nation that is being formed in Suith Africa*.” (d’Asson, 1993:48,49)

Vanuit die groen Paarlvallei moet Japie nou na Burgersdorp in die dorre Oos-Kaap om sy teologiese studies voort te sit. En hy noem dit 'n “onberoulike keuse”. Op sy 70^ste^ verjaarsdag vertel hy nog: “Die keuse was gedoen, en nou dat ek al haas aan die einde van die baan gekom het, kan ek na waarheid getuig: die keuse het my nie berou nie”(d’Asson, 1993:49) .

Na sy Matrikulasie-eksamen het daar nog 6 maande oorgebly voor hy na Burgersdorp sou verhuis. Hy sou nie ledig sit gedurende die tyd nie. Na die vereiste leergang vir die “literariese” eksamen van prof Cachet in sy brief van 22 Aug.1895 ontvang is, het ds Du Toit sy seun aan 'n intensiewe voorbereidende studie onderwerp. Japie se vader was sy leermeester in Latyn en Grieks; mnr Arnoldus Pannevis, 'n Classicus van naam, was sy leermeester in Geskiedenis van die Wysbegeerte. Daar was ook nog tyd vir ontspanning. Saam met 'n vriend, JA van Rooy gaan klim hulle Paarlberg.

### Afrikaanse Taalkongres

Kort voor Japie se vertrek na Burgersdorp, in Januarie 1896, kom die Afrikaanse Taalkongres in die Paarl saam. Oor die hele land het entosiaste en liefhebbeers van die Afrikaanse taal in die stadsaal saamgestroom. “Dit was 'n meevaller, 'n aangename verrassing, aangesien die James-inval, nog vars in die herinnering, so 'n tumult [opskudding] onder die Afrikaners veroorsaak het.”, skryf Totius later.

Hier op die kongres ontmoet hy heelwat manne van Burgersdorp, almal later groot kerk- en kultuurleiers. Onder hulle was die dosente prof. Jan Lion Cachet en S. Postma, asook studente P.C. Snyman, W. Postma [“dr. O’Kulis”], asook ds. M.Postma van Middelburg met sy 2 seuns Dirk en Ferdinand [later eerste rektor van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys], om maar enkeles te noem (d’Asson, 1993:50).

#### Gereed vir vertrek

Op dieselfde kongres word “Ons Klyntji” gebore, die letterkundige Afrikaanse tydskrif wat die Patriot opvolg. Daarin sou Japie, as student op Burgersdorp, nog heelwat in Afrikaans skryf.

Einde Januarie is Japie se koffers gepak en is hy met die trein oppad na Burgersdorp. Sy vader is gelukkig: “Dikwels het ek 'n oproep vir vrye skole gedoen, maar dit het net in Burgersdorp weerklank gevind.” Só was Japie op pad na die volgende fase van sy lewe as teologiese student in Burgersdorp (d’Asson, 1993:50).

Die ses maande wat Japie tussen sy Matriekeksamen en die vertrek na Burgersdorp “ledig” gehad het, het hy nuttig gebruik en die groot klomp studie wat hy ingesit het, ook sy vermoë om voortdurend selfstandig te studeer, het vrugte afgewerp en hom goed te staan gekom in Burgersdorp.

*volgende keer verder)

* * * * * * * * *

#### Iets oor Bybelvertaling en vertalers

# Genootskap vir Regte Afrikaners

(14 Augustus 1875)




**Op 14 Augustus 1875 is 'n vergadering in die Paarl gehou wat 'n wending in die geskiedenis van die Afrikanervolk sou bring. Dáár is besluit om die volk bewus te maak van homself en sy taal en om Afrikaans tot sy regmatige plek te verhef. Indien Afrikaans algemeen in gebruik is, sou die Bybelvertaling waarna Arnoldus Pannevis gestrewe het, vergemaklik word. Dit is dan ook na aanleiding van Arnoldus Pannevis se korrespondensie met die BBBG oor die vertaling van die Bybel in Afrikaans dat die vergadering plaasgevind het.**

By die vergadering is oorgegaan tot die stigting van die GRA en die stigterslede was: C.P. Hoogenhout, D.F. du Toit (Oom Lokomotief), S.J. du Toit, A. Ahrbeck, S.G. du Toit, G. Malherbe, D.F. du Toit (Dokter) en P.J. Malherbe. Op die tweede vergadering is die Genootskap gedoop en is sy doelstellings, waarvan die vernaamste was “om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land”, geformuleer. Hieruit is duidelik dat die Genootskappers nie 'n beperkte taalbeweging nagestrewe het nie, maar 'n nasionale beweging: hulle wou die volk ophef op elke gebied. Hulle sou hulle veral rig tot die plattelander, en onder die besielende leiding van S.J. du Toit sou dit uitloop op 'n magtige volksbeweging. Die bekende *Afrikaanse Volkslied,* 'n skepping van Pannevis, D.F. en S.J. du Toit, maar veral Hoogenhout, was die GRA se eerste publikasie en verwoord die Genootskappers se ideale en strewe.

Die naam “Regte Arikaners” is verkry uit die Genootskap se manifes, waarin onderskei word tussen **Afrikaners met Engelse, Hollandse en Afrikaanse harte**, waarvan lg. die **“Regte Arikaners”** is. Hier gaan dit weer nie net om die taal nie, maar die gesindheid, die nasionale ingesteldheid.

Op 15 Januarie 1876 verskyn die koerant wat as spreekbuis vir die strewe van die GRA sou dien en in die taalbeweging ongekende lewe sou blaas, paslik genoem ***Die Afrikaanse Patriot.*** Hierdie eerste Afrikaanse koerant was die verwoording van 'n Afrikaanse gedagte in eenvoudige Afrikaanse taal. Hoewel die Genootskappers en hulle blad baie spot en teenkanting moes verduur, was hulle 'n vlam wat taalliefde en nasionalisme in baie harte aangesteek het. Veral op politieke gebied het *Die Patriot* die Afrikanersaak gepropageer, maar na die veranderde politieke beleid van S.J. du Toit, het die blad gekwyn en is dit in 1904 gestaak. Sy taak is grootliks oorgeneem deur *Ons Klyntji,* die eerste Afrikaanse tydskrif, wat vanaf Maart 1896 verskyn het om veral die Afrikaanse letterkunde te bevorder.

Die GRA se ander publikasies sluit onder meer in Afrikaanse grammatika- en geskiedenisboeke, 'n Afrikaanse almanak, 'n spel- en leesboek, 'n woordeboek, versamelde Afrikaanse gedigte en prosawerke. Hiermee het die Genootskap die volk van leesstof in hulle eie taal voorsien.

Ter ere van die twintigste verjaardag van die GRA, is die eerste Afrikaanse taal kongres in 1896 in die Paarl gehou. Die GRA het nederig begin, maar geëindig in 'n magtige sirkelbeweging wat al die vlakke van volkwees ingesluit het. Die Genootskappers het met onvermoeide ywer ons volk bewus gemaak van sy volkwees en sy nasionale besit, en daarom kan hulle met reg die vaders van die Afrikanervolk genoem word.